Lukas 2:14 Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het !

NG KERK DANABAAI

http://www.ngkerkdanabaai.co.za
e-pos : ngkerkdanabaai@absamail.co.za

AFKONDIGINGS 9 DES 2018 NR:642

GEMEENTE LERAAR: DS. J.W. GELDENHUYS

Visie: *Geseënd om 'n betrokke dienende gemeente tot eer van God te wees.*

PROGRAM VIR VANDAG

EREDIENS: 09:00
Bevestiging van Kerkraad:
Dienswerker: Meisie Schoonraad
KATEGESE: GEEN
GEMEENTE DEUROFFER: GEMEENTEFONDS

VOLGENDE SONDAG 16 DESEMBER 2018

EREDIENS: 09:00
KATEGESE: GEEN
SINODALE DEUROFFER: JEUGWERK

NUWE INTREKKERS

Baie welkom in Danabaai gemeente. Nuwe intrekkers word na afloop van die diens in die voorportaal verwelkom deur lede van die Nuwe Intrekker bediening. Die vorms en inligtingstukke word voorsien wat na voltooiing die volgende Sondag in die kollektesakkie geplaas kan word. Maak seker dat u die vorm ingee vir die verwerking daarvan u kan dit ook self by die kerkkantoor indien.

GEBEDSBULLETIN

Doen asseblief voorbidding vir die volgende lidmate:

LIEF: LIDMATE: LEED

Laat weet die kerkkantoor asseblief

Ria Noeth (E Fontana 5 / 082 680 4427) sy is tuis, nog baie swak. Met gebede en geloof is sy weer op die been. Hul dank die Here vir groot genade.
Piet Streicher (Nerina 142 / 082 929 7743) hy is in die Kaap vir toetse.
Danie Barnard (P. Humiflora 16 / 083 455 8419) hy is in die hospitaal opgeneem met infeksie van spinnekop byt.
Gerrie Koekemoer (P Grandiceps 23 / 083 554 9070) hy het erge long ontsteking**.**
Dorothy Potgieter (A Comosa 11 / 074 668 4016) sy herstel tuis na 'n rugoperasie.
Elize Mitchell (E Collina 20 / 082 481 8226) sy is nog steeds in ICU na die hartoperasie, is op suurstof en kry dialise vir een nier, is nog ernstig siek. *Ons bid haar sterkte toe*.

FAMILIE VAN Lede:

Hennie en Nellie de Swardt hul kleindogter **Elriené** 18 jaar oud is tuis met behandeling vir die trombose in haar regterbeen, ervaar nog pyn en ongemak. *Bid dat sy vinnig sal herstel.*
Danie en Elsa van den Heever se seun **Quintin** is gediagnoseer met terminale kanker. Hy het weer chemo ontvang. *Bid vir hom en hul familie.*

VERJAARSDAE VANAF

9 Des. 2018 Tot 12 Jan. 2019



Baie geluk!

Van	Noemnaam	Wyk	Dag	Oud
Goosen	Neels	2BA	10	
Malan	Hennie	5CA	10	
Theron	**Petre**	**7CB**	**10**	**85**
Engelbrecht	Marie	9B	11	
V d Merwe	Carina	3BA	11	
Linde	Gerhardus	8BA	12	
Robberts	Anthony	9DF	12	
Tromp	Leon	3BB	12	
Naudé	Henriëtte	6AA	13	
Nortjé	Chantelle	8CB	14	
Nortjé	Michael	5AB	14	
Odendaal	Dal	3AA	14	
Bonnet	Nelie	6DB	15	
Louw	Elliot	8BA	15	
Myburgh	Sylvia	2AA	15	
Van Wyk	Neels	1DB	15	
Scholtz	Nellie	5AA	16	
Avenant	Reinette	5AA	17	
Kretsenger	Elsa	2AB	17	
Hattingh	Lezé	8DB	18	
V D Kuip	Reinier	4CA	19	
Botha	Elaine	1BB	20	
Le Roux	Pieter	8BB	20	
Naudé	Ronel	6AA	20	
V D Linde	Naude	9AA	20	
Bester	Charlie	8BB	22	
Laubscher	Lynette	3AA	22	
Stander	Elise	5CB	22	
Hugo	Eduard	4A	23	
Manser	Hailey	1CA	23	
V D Merwe	Petrus	4A	26	
De Klerk	Grietjie	8BB	27	
Louw	Jaco	3CA	27	
Louw	Jaco	2AB	27	

Van	Noemnaam	Wyk	Dag	Oud
Henning	Hanlie	5AA	28	
Kilian	Elmaré	9B	28	
Niemand	Helgard	3BA	28	
Schuin	Nellus	5AA	28	
Swart	Annaré	2AA	28	
V d Watt	Eben	5B	28	
Verster	Marius	5AA	28	
Fourie	Toppie	5DB	29	
Gillmer	Faunty	7A	29	
VD Westhuizen	Jenny	8DB	29	
Geldenhuys	Chris	2D	30	
Van Dyk	Gert	9AA	30	
Visser	Gert	5CB	31	
Cornelius	Tiaan	3CB	2	
Nel	Nelani	5AA	2	
Smith	Leoné	4DA	2	
Violante	Nicola	8DB	2	
Boonzaier	Chris	9DD	3	
Smit	Thelma	6AB	3	
Lennox	Clive	7B	5	
V D Linde	Karools	4BA	5	
Joubert	Zylia	3CB	6	
Nagel	Francois	6AB	7	
Noëth	**Ria**	**8BA**	**7**	**82**
Brand	Orpa	8DB	8	
Breytenbach	Renée	9DA	8	
Kemp	Santie	8BA	9	
Scholtz	Eloff	5AA	9	
Stockenström	Stokkies	7A	9	
Pienaar	Ruan	5AB	10	
Terblanche	Corrie	4BA	11	
De Jager	Janine	8DB	12	
Gerber	Colie	8AA	12	
Kemp	Fred	8BA	12	
Van Deventer	Willem	6B	12	

INLIGTING OM TE ONTHOU ~

NAGMAAL SONDAG 2 DES 2018:
Erediensoffers: R5302.00
Gemeente Deuroffer :
Boufonds R1313.50
Erediens bywoning: Belydende lidmate bygewoon is 239

DANKFEES-BASAAR TOT HEDE:
Basaar 2018:
Ontvangste: R 85650.00
Wyklyste: R 39297.60
R124947.60
Uitgawes: - R 4224.70

KERKRAADSBESLUITE:

31 DES 2018 - OUJAARSDIENS
Die Kerkraad het Maandag 28 Nov. vergader en goedgekeur dat die **Oujaarsdiens ,** DV Maandag 31 Desember, by Sondag 30 Desember se diens ingesluit word.

DIENSWERKER:
Meisie Schoonraad is verkies as Dienswerker in wyk 9DD

REKENAAR-EN KLANKOPERATEURS:
Rekenaaroperateur/s asook Klankoperateurs word benodig vanaf Jan 2019. Ons doen ‘n beroep op lidmate wat hul geroepe voel om as operateur/s opgelei te word om hul name by Kerkkantoor (044 698 1977) op te gee asseblief.

KERKKANTOOR DES SLUITING
Die Kerkkantoor is gesluit vanaf 24 Des 2018 en open 7 Januarie 2019.

SONDAE AFKONDIGING

Hierdie is die laaste afkondiging tot die skole heropen in 2019. Indien u enige inligting/siekes/leed wil deurgee, kontak die Kerkkantoor sodat dit aan die Leraar deurgegee kan word.

KOSPAKKIES VIR GESTREMDES:
Ons benodig 10 kospakkies vir gestremde persone. Enige skenkings van nie-bederfbare voedsel sal uiters waardeer word. Plaas asb. in die houer in die kerk.

2019 JAARKALENDERS:
Die Kerkraad en Dienswerkers kan hul wyk se Jaarkalenders kom afhaal by die kerkkantoor vir uitdeling asb.

FONDSE VIR BLOK H
Goeie kwaliteit gedroogte perskes te koop @R60.00 per kilogram. Kontak persone : Louis en Rosa van der Sandt
Tel : 044 698 1177, Sel: 0826248339 en Toelie Du Plessis 044 698 1553

VERVOER:
Indien u sukkel met vervoer na die winkels of kerk kontak vir Francois Martins 063 115 3084. Hy kan u dalk help daarmee.

24 NOV 2018 KERSFEES PARTY VIR HUIS G SE DOGTERS

Namens die Huisma, Meagon, elke dogter en myself , ‘n hartlike dankie vir u finansiële bydraes, geskenke, verversings se voorbereiding asook elkeen wat die lang tog na Robertson met my meegemaak het!
Ek waardeer u betrokkenheid en ondersteuning ontsettend baie!
Vriendelike Kinderhuisgroete. Lienkie Els.
(Lid van die Barmhartigheidskommissie)

LIDMATE SE BREEKWARE:
Daar is heelwat breekware wat na funksies/begrafnisse in die kombuis agtergebly het. Kom haal af asb.

BARMHARTIGHEIDSKOMMISSIE
Is opsoek na kamer of Eenmanswoonstel vanaf 1 Feb 2019. Kontak die Kerkkantoor indien u behulpsaam kan wees.

2018 – Getuienisbediening

Jesaja 40: 25 – "met wie kan julle My dan vergelyk, wie is soos Ek? Vra die Heilige."

Frans Böning Whatsapp verlede week**: "En het Hy nie voorsien nie! Een Voorsiening op die ander!"**

Na 'n jaar is dit ook die woorde oor my lippe; die woorde in my hart en die woorde op papier…. **"En het Hy nie voorsien nie!"** Ek dank die Vader vir 'n jaar waarin Hy voorsien het –

* vir Frans Böning tussen die RSA en Mosambiek,
* Hugo en Jackie Wolmarans tussen London en in soveel Moslem lande en Kanada,
* Hy het voorsien vir Pierre Lamprecht en 'n span mense in Mosselbaai en omgewing,
* vir Louwrens en Jeanne van der Westhuizen in Makhatini in KwaZulu-Natal en verskeie kere in die Wes-Kaap,
*vir Neels en Esmé Meyer in George en
*vir Marinda Fielies by Mickey Mouse Dagsorgsentrum in Aslapark en
*Geopende Deure wat vir vervolgde gelowiges oor die wêreld bedien, asook
*vir Lourie en Gisela Ferreira in Zambië.

MAAR Hy het ook voorsien sodat u – lidmate hier in Danabaai – kon bid en Geloofsbelofteoffers kon gee om wonderwerke oraloor te laat gebeur. BAIE DANKIE vir 'n ieder en 'n elk wat gehoorsaam was aan Sy opdrag: *"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."* Baie dankie aan ds Wehan wat so getrou is en kreatief dink vir die Getuienisbediening, vir die Kerkraad vir hul ondersteuning, vir Danie vd Heever en vir ondersteuning van Ida en Sylvia in die kerkkantoor.

BID asb. vir Frans Böning wat teen die twaalfde terugkom RSA toe, vir Louwrens en Jeanne van der Westhuizen wat kom uitspan in Sedgefield, vir Marinda Fielies wat steeds kinders oppas, vir Neels en Esmé wat ook 'n blaaskansie vat en vir Lourie en Gisela Ferreira wat naby Sesheke in Zambië is.

GESEëNDE KERSFEES –

Luzette en die span van die Getuienisbediening.